FEESBOODSKAP VAN MNR. P.K. DE VILLIERS VOORGELEES OP SATERDAG 24 JUNIE 1988 TYDENS DIE REÜNIE

Ek waardeer die voorreg om by hierdie geleentheid - die viering van die veertigjarige bestaan van die Hoërskool - 'n boodskap aan u oor te bring. Ek wil u eers verplaas na die begin van hierdie veertig jaar, en wel na 1948 toe hierdie skool gebore is uit die sekondêre skool van destyds, wat tot einde 1947 leerlinge opgelei het tot standerd agt (onder die leiding, toentertyd, van mnr. W.H. Booysen.)

In Januarie 1948 is die huidige skoolgebou betrek, pas voltooi, met die verf nog nat, en by gebrek aan sekerheid of die skool wel betyds gereed sou wees vir opening, swak voorsien van noodsaaklike toerusting. Dis daarom dat 'n etensklokkie - geleen van die halfvoltooide Meisieskoshuis oorkant die straat - die begin van 'n nuwe Hoërskool daardie oggend in Januarie nederig aangekondig het. In die saal het vergader 'n klompie leerlinge - 108 om presies te wees, en op die verhoog was, met hul gades, mnr. Jimmy Archer (Burgemeeester en Voorsitter van die Skoolkomitee), ds. Cloete (pasaangestelde predikant van die N.G. Gemeente), mnr. A.S. Boshoff (Inspekteur van Onderwys) en die personeel van ses, nl. mnr. Carl Runds, mnr. van der Sandt de Villiers, mnr. Steyn Linde, mnr. P.J. Hager, mnr. Ewert Gous en die Skoolhoof, mnr. P.K. de Villiers. Ná die gebruiklike toesprake het die werksaamhede begin met die indeling van die honderd-plus leerlinge: st. 6 (die eerste Hoërskool in Suidwes waarby hierdie standerd ingelyf is, sts. 7,8, en 9. Hoe goed onthou ek hierdie standerd neges wat die volgende jaar gematrikuleer het: name soos Connie Zondagh, Jan Barnard, Piet Theron, Frikkie Engels, Jan Dames, Bergh, en die enigste dogter in die klas, Regina Blaauw, kom spontaan in my gedagte op. Ook nie meer vandag se kinders nie, en sommige ongetwyfeld reeds met kleinkinders in die skool vandag.

Die eerste twee of drie jaar was die groei van die skool redelik langsaam, want die tradisie om ná st. 6 na skole in die Republiek (destyds Unie) te gaan i.p.v. dit in elk geval te moet doen ná st. 8, moes eers gebreek word. Dit bereik, was die groei vinnig, sodat die leerlingtal van die beskeie honderd in 1948, toegeneem het tot 600 twaalf jaar later (die st. vyfs het eers 'n aantal jare daarna bygekom).

Maar laat ons afskeid neem van daardie vervloë jare wat heelwat van die gehoor hier met my deel - van daardie gesigte van leerlinge en onderwysers wat gekom en gegaan het, van klein insidente en mylpale in die skool se geskiedenis, en laat ons, ons wend tot 'n verlede wat minder ver oor die bult lê. Met die funksie by geleentheid van die naamgewing van die skool in 1978, het ek melding gemaak van 'n opwindende tydperk wat vir Suidwes voorlê: dat die gebied op die punt staan om onafhanklikheid te verkry en dat die huidige geslag in die unieke posisie verkeer om die eerste te wees in die geskiedenis van 'n nuwe, onafhanklike staat. Daardie tyd het nou, elf jaar later, nog nie aangebreek nie, maar die rol wat u as huidige burgers speel, sal nog steeds wees om waardige draers van die ideale van 'n blanke beskawing, van sy taal, kultuur, tradisies en waardes te bly in 'n wêreld waarin baie van die waardes van die verlede onder skoot gekom het en bevraagteken is, om in sy spoor 'n gevoel van twyfel en onsekerheid te laat, nie net by die volwassene nie, maar ook by die kind. Dis die taak van die ouer en onderwyser om vir hulself sekerheid te kry oor watter beginsels en waardes uit die verlede onaantasbaar is en deur die ouerhuis en die skool voortgeplant moet word. Want daar <u>is</u> daardie fundamentele dinge wat nie aangetas mag word nie, en wat ferm moet weerstand bied teen die vervlakking en grille van 'n tydgees wat op die jeug aanstorm. Van die <u>ouer</u> word verwag om daardie waardes oor te dra wat verhef, en om sy volle steun aan die skool, wat 'n verlengstuk van die huis is, toe te sê. Die <u>onderwyser</u> se rol is nie slegs oordra van kennis nie maar oordrag ook van <u>waardes</u>. En hy moet dit op só 'n manier doen dat die leerling na hom sal opsien - as leier, as waardebepaler - soms onverbiddelik streng, maar altyd regverdig en simpatiek. Soos die ouer moet hy die voorbeeld stel - nie deur die woord nie maar deur gedrag en daad (hoe lui die skool se leuse?)

As daar een ding is wat in hoofletters moet uitstaan, is dit dat elke leerling behoefte het aan erkenning - as sy selfbeeld deur woord of daad aangetas word, word hierdie selfbeeld geknou en die kind weerloos gelaat.

Aan die leerling - want dis oor julle wat alles gaan - julle wat soos jong lote bruis van die lewe en die groei - mag julle ontwikkel tot sienlike bome, sterk gewortel in die aarde van Suidwes, bestand teen die storms, 'n sieraad vir elkeen om te aanskou.